SEEKENNIS (C)

Graad 4

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te laat besef dat die see vandag nog ŉ belangrike rol in die lewe van die mens speel.
2. Onder die indruk van die grootsheid van God se skepping te bring.
3. Bewus te maak van die skeppingsopdrag.

B VEREISTES

Elke Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die kultuur opdrag in Genesis 1: 26–28 ken.
2. ŉ Gesprek kan voer oor twee verhale uit die Nuwe Testament, waar die see ŉ rol gespeel het.
3. Kennis neem van die volgende:
   - Voedsel uit die see, met verwysing na kwotas (die gevolg van misbruik daarvan), hengelregulasies; bedreigde en beskermde spesies (balans in die natuur).
   - Ontspanning (in/op die see), soos skubaduik, branderplankry, plesierritte en seiljag.
   - Verskillende soorte skepe soos oorlogskepe, duikbote, tenkskepe, vragskepe en plesierbote.
     - Hawens
       - Gebruike.
       - Besoedeling.
       - Werke.
       - Sleepbote.
       - Veiligheid.
   - Seeverwante beroepe soos: lewensredder, marienebioloog, visserman en skeepsbou.
   - Geskiedenis en gebruike van ligtorings.
4. ŉ Gesprek kan voer oor voorkoming en die gevolg van versteurings soos besoedeling op die kuslyn en see.
5. ŉ Besoek aan een van die volgende bring:
   - Hawe.
   - Ligtoring.
   - NSRI.
   - Haairaad.
   - Enige seeverwante instansie soos SANCCOB.
6. Uiting gee aan sy skeppingsdrang deur ŉ bruikbare handwerkartikel te maak met materiaal uit die see soos:
   - Juwelekissie.
   - Kaartjie.
   - Fotoraam.
7. Kennis maak met een eetbare seedier wat betref leefwyse, woonplek en eetgewoontes soos: mossel, perlemoen, arikreukel, kreef, vis.
8. ŉ Eenvoudige gereg self voorberei waarvan minstens een bestanddeel uit die see kom.

C AANBIEDING

1. Verduidelik die kultuuropdrag.

2. Lees en verduidelik enige twee verhale uit die Nuwe Testament en voer gesprek met die kinders. Rolspel kan ook gebruik word.
3. Bied alles so ver as moontlik prakties aan.
4. Versteurings in die natuur is gewoonlik die direkte gevolg van menslike aktiwiteite. Voer gesprek oor voorkoming en gevolge van besoedeling.
5. Enige seeverwante instansie besoek soos akwarium, hawe en ligtoring. Dit kan ook insluit bewaring van see areas soos duine, bedreigde spesies en versorging van olie-besmeerde pikkewyne (SANCCOB).
6. Versamel items tydens staptog om vir handwerkartikel te gebruik
7. Opdrag duidelik.
8. Berei ŉ eenvoudige gereg waarvan een bestanddeel uit die see kom, voor.